Bloemfontein Baptiste Kerk

051- 451 1017 kerk@kerk.co.za www.kerk.co.za bfn_baptiste Bloemfontein Baptiste Kerk

DRESS UP!!

Deel 5 – Helm van Verlossing

Efesiërs 6:11 Trek die volle wapenrusting aan wat God julle gee, sodat julle op julle pos kan bly ondanks die listige aanslae van die duiwel.

Spreuke 4:23 (DB) Wees versigtig wat jy dink. Jou denke kan jou lewe ingrypend beïnvloed.

_____

_____

1. Verlossing begin met ’n _____ in jou denke.

Johannes 10:10; 17:3; Galasiërs 5:1

Markus 1:5 Hy het gesê: “Die tyd het aangebreek, en die koninkryk van God het naby gekom. Bekeer julle en glo die evangelie.”

Handelinge 3:19 Daarom, bekeer julle en kom tot inkeer. Dan sal God julle sondes uitwis.

_____

_____

_____

2. Verlossing groei met _____ van jou gedagtes.

Romeine 8:5-6; Filippense 4:8

Filippense 2:13(NLV) …Vol ontsag en eerbied vir God moet julle voortgaan om aan julle verlossing gestalte te gee.

Kolossense 3:10 en leef nou die lewe van die nuwe mens, wat al hoe meer vernuwe word na die beeld van sy Skepper en tot die volle kennis van God.

P	(Pure)
L	(Lovely)
A	(Admirable)
N	(Noble)
T	(True)
Right Thoughts	

Romeine 12:2(DB) Moenie tuis raak in hierdie wêreld met al sy boosheid nie. Nee, laat God julle van binne af nuutmaak. Laat Hy julle manier van dink verander sodat julle kan weet wat Hy van julle verwag.

_____

_____

_____

3. Verlossing _____ met die helm van verlossing.

Efesiërs 6:17 Sit verlossing as helm op…

Kolossense 3:1 Aangesien julle saam met Christus uit die dood opgewek is, moet julle strewe na die dinge daarbo waar Christus is, waar Hy aan die regterhand van God sit. [2] Rig julle gedagtes op die dinge wat daarbo is, nie op die dinge wat op die aarde is nie, [3] want julle het gesterwe, en julle lewe is saam met Christus verborge in God.

_____

_____

_____

NEEM KENNIS

MY STORIE

Ons sal graag wil hoor watter impak hierdie kerk/bediening al in jou lewe gemaak het. Daar is krag daarin om jou eie storie met ander mense te deel. Dit bou jou geloof asook ander mense s'n. As jy graag met ons wil deel watter impak die kerk, of 'n preek, of 'n reeks in jou lewe gemaak het, email jou getuienis vir ons na mystorie@kerk.co.za. Ons wil graag van hierdie getuienisse gebruik in 'n opkomende reeks.

MANNE-AAND: 4 Maart om 18h00

Die mannebediening gaan 'n paneelbespreking hou oor die huwelik. Die gaste is ons eie Ds. Petrie Spies, asook Ds. Charles James van Pellissier gemeente. Bring jou vrae, 'n leerbare gees en word 'n super eggenoot! Koffie vanaf 17:45. Alle mans is welkom en bring al jou vriende. (geen kinders asb). Dit begin 18h00 by die Klein Kerkie. Navrae: Carel: 0829090296 of Rudi: 0826956658.

INLIGTINGSAAND: 8 Maart om 18h30

Indien jy graag 'n lidmaat wil word van die gemeente is dit verpligtend om hierdie aand by te woon. Hier verduidelik ons vir jou alles wat ons glo en hoe ons werk en dit is 'n plek waar jy jou vrae kan vra. Vir meer inligting, kontak vir Magda by die kerkkantoor: 051 451 1017 of magda@kerk.co.za

STUDENTEKAMP: 8 Maart

Ons heel eerste studentekamp gebeur 8 Maart by die kerk. R100 per persoon. Vir meer inligting kontak vir Willie de Beer by willie@kerk.co.za

YouVersion Bible App

WORD DEEL

BYBELSKOOL: Donderdae 9h00

Donderdae oggende om 9h00, in die Moederskamer aan die ooste kant van die kerk, werk mense sistematies deur die boeke van die Bybel met die hulp van Unlocking the Bible. Navrae: Helena Bam 0843515855.

T.i.C. – Teens In Christ

T.i.C. is ons tienerbediening by die kerk. Ons kom elke Vrydag aand om 17:30-19:30 bymekaar by die kerk. Kom geniet dit saam met ons en bou verhoudings met ander tieners. Vir meer inligting kontak vir Willie de Beer: willie@kerk.co.za of 082 309 5342

GROEP VIR 18-30's: Dinsdae 19h00

Daar is 'n groep vir studente en jong werkendes van 18-30 jaar wat op Dinsdae aande 19h00 bymekaar kom in die Jeugsentrum. Kontak vir Willie de Beer vir meer inligting: willie@kerk.co.za of 082 309 5342

iCONNECT

Indien jy êrens wil inskakel, nuut is of meer inligting oor die gemeente wil hê; is jy welkom om na die diens met die span by iConnect te gesels wat vir jou al die inligting sal gee. Kyk uit vir die iConnect baniere in die **voorportaal van die kerk**.

Indien jy graag op ons databasis wil kom om emails en smse van die kerk te ontvang, vul asseblief die "Aangename Kennis" kaartjies in tussen die stoele en banke. Jy kan dit ingooi in die houtposbusse by al die deure van die kerk. Ons kontak jou gerus deur die week net om te groet!

Memoriseer Vers vir die Week:

"Julle moenie aan hierdie sondige wêreld gelyk word nie, maar laat God julle verander deur julle denke te vernuwe."
Romeine 12:2 (ANV)